



Ook deur Dibi Breytenbach

Saliger
Vrediger
Heiliger
Dowe gode

Blinde gode

Dibi Breytenbach

LAPA Uitgewers
Pretoria
www.lapa.co.za

© Teks: Dibi Breytenbach 2019
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel: 012 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10 op 11.8 pt Leawood
deur LAPA Uitgewers
Teksredakteur: Jeanette Ferreira
Omslagontwerp: Flame Design
Gedruk en gebind deur Novus Print,
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe 2019

ISBN 978-0-7993-9820-5 (gedrukte boek)
ISBN 978-0-7993-9821-2 (ePub)
ISBN 978-0-7993-9822-9 (mobi)

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag
op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike
toestemming van die kopiereghouers nie.

Een

“Quis custodiet ipsos custodes?”

Die waardige gryskopman oorkant Aella O'Malley se brêë lessenaar leun vorentoe. “Wie bewaak uiteindelik die bewakers?” Sy oë knipper agter 'n dikraambрил, sy rooi das in kontras met sy wit hemp en die konserwatiewe swart pak wat lyk asof dit uit die tagtigs dateer. “Juvenalis het dit meer as twee duisend jaar gelede reeds gevra.” 'n Glimlag kreukel sy beplooide gesig. “Ek gee toe, aanvanklik het dit meer uit te waai gehad met huwelikstrou, maar die beginsel geld ook op ander gebiede.”

Sy oë vonkel en Aella bespeur 'n eggo van die jong man wat hy eens was. Erwin Bijlsma is 'n afgetrede hooflanddros, sedert sy kinderjare 'n goeie vriend van die Staatspresident en lid van 'n kommissie wat aangestel is om ongerymdhede in die strafregstelsel te ondersoek. Sô het hy hom aan haar voorgestel.

“Ons opdrag van president Botsephahi is baie eenvoudig. Ek het 'n afskrif, as jy dit wil sien.” Hy haal 'n bruin koevert uit 'n verslete aktetas langs hom op die grond en skuif dit oor die lessenaar na haar.

Dit bly onoopgemaak tussen hulle lê.

Aella sluk, maar haar mond bly droog. Dit is die groen pille se skuld. Sy weet dit. Haar vingers vroetel aan die stulpverpakking in haar baadjiesak.

Stopayne.



Sy het reeds vier gedrink vanoggend. Vir ingeval. Die pille werk vir alle pyn: kopseer, lyfseer, beenseer. Huidige pyn. Ou pyn. Toekomstige pyn.

Voorkoming is immers beter as genesing.

“Meneer ...”

“Noem my Erwin,” val hy haar in die rede. “Net nie ‘Oom’ nie, asseblief.”

“Erwin.” Dit is moeilik. Die man is oud genoeg om haar oupa te wees. Aella lek oor haar droë lippe en proe die lipglans wat sy vanoggend as nagedagte aangesmeer het. Sy sukkel om haar sit te kry. Die stoel is te hoog en sy is te kort. “Ek het die President se aankondiging op televisie gesien,” sê sy uiteindelik. “’n Mens kon dit nie miskyk nie.”

“Dit kan nie genoeg publisiteit kry nie. Dinge het verkeerd geloop, Kolonel. Ver verkeerd. President Botsephehi wil regmaak wat sy voorganger verbrou het. Hy’s ’n eerlike man. Die verskriklikhede wat in die naam van sy voorganger gepleeg is, is vir hom ’n bron van diepe ontsteltenis.”

Kolonel.

Sy moet nog gewoon raak daaraan. Dis nou eers ’n week dat sy ’n kolonel en bevelvoerder van die speurtak op Opathe is.

Aella druk haar duimnael in haar mond en knaag aan die klein stukkie nael wat nog nie in die lewe afgeskeur het nie. President Botsephehi se verdorwe voorganger hoort in die tronk. Almal weet dit. Hy het die strafregstelsel verknoei tot ’n uitsuiery, korrupsie tot standaard verhef deur presidensiële fiat.

Sy gaan dit egter nie sê nie. Wie weet by watter ore kom dit uit?

Aella druk ’n haarsliert agter haar oor in. Die staatsdienshorlosie teen die muur tik die sekondes verby. Agter haar op die telefoontafel lui die foon een keer skerp. Dit is ’n binneoproep, het sy die afgelope week sedert die nuwe skakelbord geïnstalleer is, geleer.

Bijlsma leun terug en vou sy arms. Ooglopend wag hy vir haar om die oproep te antwoord.

“Dis intern,” sê Aella. “Gaan voort.”

Hy verskuif van posisie, trek sy broekspype reg. “Hierdie gesprek is bloot verkennend. Ek en my kollegas in ander



dele van die land samel nog feite in, bepaal modi operandi, probeer 'n geheelbeeld vorm van die uitdagings op grondvlak wat dien as katalisators tot ..." Hy beduie met sy hand. "Jy weet."

'n Bries waai deur die oop venster en pluk aan Aella se hare. Die warm lug ruik na teer en diesel.

"Ek het nie gedink julle gaan belang stel in Opathe nie," sê sy uiteindelik. "Ons is so ver van alles af." Sy sit haar hande voor haar op die lessenaar neer, maar haar naels is lelik. Sy vleg haar vingers inmekaar. "Daar gebeur nie veel hier nie."

"Dis nie wat vir ons vertel is nie."

"Dit is 'n kwessie van perspektief," sê Aella ná 'n kort stilte.

Bijlsma kantel sy kop. "Jou naam is aan die kommissie verskaf as 'n moontlike getuie na aanleiding van die voorval in Februarie. Ons informant sê dat jy kennis dra van lede van die diens wat betrokke was by renosterstropery, van die elendigheid wat deur een van jou eie kollegas georkestreer is. Ons sal graag jou weergawe van die gebeure wil hoor."

Februarie.

Aella kyk na die notabord agter Bijlsma se rug, na die sakekamer se muurkalender wat met duimspykers teen die witgeverfde kurkbord vasgesteek is. Elke leë dag sedert Valentynsdag het sy met 'n dik swart kokipen uitgewis. Dis nege maande sedert Henno en Heinrich Volker, pa en seun, op hulle plaas vermoor is. As sy haar oë toemaak, sien sy dit steeds: die bloed, die koeëlgate in die plaashuis se muur, die opgeblaaste renosterkarkasse in die weikamp langs die huis.

Nie lede van die diens nie. Slegs een lid.

Whistler se skraal gesig dwing hom uit die newelwêreld van Aella se herinneringe. Hy kry dit maklik reg. Vir meer as 'n dekade was hy immers haar beste vriend, kollega, lyftrooster. Hulle het saam as speurders begin werk in Opathe, as 'n span hulle tande gesny op winkeldiefstal, veediefstal en uiteindelik ernstige en geweldsmisdryfondersoeke. Sy wil nie oor hom praat nie. Nie eens aan hom dink nie. Dis te seer, soos wat die klam vel van 'n brandwond klop wanneer dit lug kry.

Dis nege maande sedert hy ontbloot is as die meesterbrein, renosterstroper en gierigaard agter die aanval op die Volkers. As verraaiër en lafaard. Sy kyk werktuiglik na die silwer letsel op haar arm, sigbare nalatenskap van sy verraad.

Whistler het haar geskiet om haar af te skrik van die ondersoek na die Volker-moorde. Sy het hom self gearrester, self die boeie om sy benerige gewrigte geslaan. En aan die einde was hy nie mans genoeg om die gevolge van sy dae in die oë te staar nie. Hy het hom met sy hemp aan die tralies van die aanhoudingselle oorkant die pad opgehang.

Haar twee kollegas van die Valke, die polisie se eenheid vir prioriteitsmisdaadondersoek was haar bevelvoerder, kolonel Alexander MacLachlan, en die Franse speurder, majoor Christophe Leblanc, wat aan haar voorgestel is as 'n gesant van die Europese Unie. Dis nege maande sedert hulle meededeling dat Whistler so skelm was dat hy selfs in die buiteland berugtheid verwerf het; dat hulle twee eintlik deel was van 'n spesiale projek wat met die hulp van Interpol van stapel gestuur is om hom vas te trek. Haar mondhoek vertrek wrang.

Nege maande sedert sy ontbloot is as 'n naïewe gek.

En dis nege maande en twee weke sedert Roel, die man saam met wie sy veronderstel was om oud te word, soos disteldons deur haar vingers die ewigheid ingeglip het; nege maande en veertien dae sedert hy sy stryd teen motorneuronsiekte verloor het.

Verraad of dood, watter een sny die diepste? Die dae bly so swart soos die merke op die muurkalender.

Swanger vroue skenk geboorte ná nege maande, dink sy. Ek hou steeds begrafnis.

"Kolonel?" vra Bijlsma. "Waar swerf jou gedagtes rond?"

Aella knip haar oë. Die oud- hooflanddros kyk grootvaderlik na haar. "Ekskuus." Sy druk haar hand in haar baadjiesak. Haar vingers krul om die groen pille. Dit werk vir hartseer ook. "Ek weet nie veel nie," antwoord sy uiteindelik.

Erwin Bijlsma takseer haar skewekop. "Dis nie wat ons hoor nie."

"Mense sê baie dinge."

"Wat sê jy?"

Sy haal haar skouers op.

Hy leun vorentoe. Daar is 'n dringendheid in sy houding. "Ons het mense soos jy se samewerking nodig," sê hy. "Sonder julle hulp gaan ons nie weet hoe ver of hoe diep die verrotting strek nie. En hoe dit gedoen word nie." Hy gooi sy hande in die lug. "Asseblief. Help ons."

Aella proe die kopersmaak van bloed. Wat gaan dit help as sy praat? Whistler is dood. Die probleem is opgelos. Sy vee haar vinger aan haar broekspyp af.

Die telefoon lui weer.

“Verskoon my,” sê Aella. Sy frons, draai om en tel die handstuk op. “Ja?”

Ronel se rokerstem skuur deur die eter. “Die SSA wil met jou praat.”

“Het jy vir haar gesê dat ek in ’n vergadering is?”

“Sy sê dis dringend.”

Alles is dringend vir die senior staatsaanklaer. Aella sit haar hand oor die mondstuk en draai na Bijlsma. “Net ’n oomblik.”

Hy knik.

“Sit haar deur.” ’n Geblikte weergawe van “Für Elise” vul die stilte.

“Kolonel,” sê die senior staatsaanklaer sonder om te groet. Dit is hoe sy is.

“Advokaat Mahlambi,” antwoord Aella.

“Ek het ’n probleem.” Die vrou se Engels wieg met die musikale infleksies van Zoeloe.

“Wat?” vra Aella.

“Ek het mevrou Walters hier by my in die kantoor, landdros Walters se vrou. Die senior landdros het haar na my toe gestuur.”

Aella kan vaagweg iemand in die agtergrond hoor snik.

“Sy het kom rapporteer dat haar man nie by die werk gaan wees nie, want sy weet nie waar hy is nie.” Haar stem verdof asof sy haar hand oor die mondstuk hou en Aella kan haar vaagweg met mevrou Walters hoor praat. “Sy sê sy’t hom Vrydagmiddag laas gesien toe hulle kruideniersware gaan koop het wat hy op pad Richardsbaai toe vir ’n kerkkamp aan ’n behoeftige familie wou skenk. Sy het hom gisteraand terug verwag.”

Meyer Walters is ’n groot kerkman. Hy is bekend vir sy naastediens onder die straatmense van Opathe. Hy het selfs al vir Aella gebid.

“Toe hy teen donker nie opdaag nie, het mevrou Walters die organiseerders geskakel. Blykbaar het hy nooit die kamp bygewoon nie.”



“Het sy hom al amptelik as vermis aangemeld?”

Weer volg daar 'n kort gesprek tussen die senior staatsaanklaer en mevrou Walters.

“Sy sê nee,” antwoord die advokaat ná 'n kort stilte. “Sy't probeer, maar die aanklagkantoor het gesê sy moet tot môre wag. Sy's bang dat hy dalk in 'n ongeluk betrokke was. Hy't maar onlangs eers weer begin bestuur ná sy hartaanval. Sal jy omgee om jou kollegas in die omgewing te skakel en te hoor of daar dalk so iets aangemeld is, vir mevrou Walters se gemoedsrus? Ek kontak intussen die aanklagkantoorbevelvoerder oor die swak diens. Hoe kan hulle iemand net so wegstuur?”

“Maak so,” antwoord Aella.

Mevrou Walters snik steeds.

“Dankie.” Mahlambi beëindig die oproep so lakonies as wat sy dit begin het.

Aella sit die telefoonhandstuk terug in sy wieg.

“Probleme?” vra Bijlsma.

“Ek weet nog nie.” Sy kyk op toe sy Ronel in die portaal hoor protesteer.

“Jy kan nie nou daar ingaan nie,” sê die sekretaresse hard. “Die kolonel is besig.”

Afrikaanse r'e slaan soos klitsgras deur Hoërskoolengels. Voetslae trap haar woorde dood.

Aella frons en stoot haar stoel agteruit. 'n Konstabel verskyn in die kantoordeur. Sy bors dein. Sweet slaan in donker swamme deur sy ligblou velduniform.

“Kolonel, warrant Ntanzu soek na jou.”

“Hoekom?” vra Aella.

“Daar's iemand dood by kwaMdlavuzu.”

KwaMdlavuzu, plek van kanker. Die aanklagkantoorpersoneel het haar die woord se betekenis geleer.

Die naam is gepas. KwaMdlavuzu is 'n sweer op Opathe se gewete, 'n aantyging wat hopelik sal verdwyn indien dit lank genoeg geïgnoreer word. Lank gelede is 'n meisiekind by dié treinbrug langs die township deur 'n dronk man verkrag en vermoor. Ná die meisie se moord het die mense van die township die brug aan hulle kant toegestoot en die pad tussen die township en die brug opgekap sodat niemand ooit weer daar kan ry nie. Die uniformpersoneel gaan haal van tyd tot tyd liggame daar; broos, verhongerde kadawers wat



soos dryfhout deur die noodlot onder die treinbrug ingespoel is; identiteitlose slagoffers van wanhoop, hongersnood en algemene ellende.

Die konstabel skud sy kop. "Geskiet in sy kar. Baie keer."

Aella staan stadig op. Sy is steeds die enigste moordondersoeker in Opathe, al is sy nou bevelvoerder van die speurtak. Voordat sy die jong man verder kan uitvra, staan Bijlsma ook op.

"Jy het werk om te doen, Kolonel. Ek ook. Daar's nog ander mense met wie ek moet gesels." Hy kyk op sy horlosie. "En ek wil my vrou bel. Sy bekommer haar oor my." Hy glimlag skeef. "Sy sê ek is te oud om agter getuies aan te karring. Maar ons moet almal ons deel doen, dink ek. Anders val die wiele heeltemal van die bus af." Hy vroetel in sy aktetas en skuif 'n visitekaartjie oor die lessenaar na haar toe. "My nommer en my e-posadres. Ek bly vir die volgende paar dae in Bishop's oor as jy lus voel om te gesels."

Aella tel die kaartjie op, kyk vlugtig daarna.

Bishop's.

Slegs baie belangrike mense en staatsamptenare bly in die duur gastehuis teen die bult oor.

"Ek hoop dat jy my sal kontak," sê hy terwyl hy sy aktetas toemaak. "Jy weet wat hulle sê. As goeie mense stilbly, gebeur slegte dinge." Hy kyk vir 'n lang oomblik na haar. "Dis belangrik, Kolonel. Regtig, regtig belangrik."

Erwin Bijlsma reik oor die lessenaar. Aella beantwoord sy handdruk outomaties. Sy vingers voel oud en broos, die vel verrimpel en soos perkament.

"Ek maak so," antwoord Aella uiteindelik.

Sonder 'n verdere woord draai hy om. Hy groet die konstabel met 'n kort kopknik. 'n Paar oomblikke later kan Aella die glasdeur by die staaltrappe hoor kraak en toe is dit stil.

Sy gooi die visitekaartjie in die asblik en draai na die konstabel. "Baie keer?" Sy tuur skreefoog na die naamplaatjie op sy bors. *Dlamini*, staan daar in blou blokletters op koper.

Konstabel Dlamini knik.

Aella voel in haar kortmoubaadjie se sak vir haar bak-kiesleutels terwyl sy die laai van die staalkabinet waarin sy haar dienspistool bêre, ooptrek. Sy haal die vuurwapen uit en laat gly dit in die aanknipholster aan haar sy sonder om



te kyk of dit gelaai is. Dit is altyd gelaai, 'n patroon in die loop vir ingeval.

"Jy gaan jou self nog kas toe skiet," fluister Whistler se stem in haar ore. "Net mense met 'n fokken death wish dra 'n gun one-up."

Die loop skuur teen haar heupbeen en die kolf druk 'n eelt in haar ribbes.

Sy trek haar asem diep in. Wyk.

"Dankie," sê sy vir die konstabel toe hy hoflik opsystaan.

"Waarheen gaan jy?" vra Ronel in die portaal.

"Daar's 'n toneel. Bel vir Cedric Afrika," beveel Aella oor haar skouer terwyl sy die glasdeur ooptrek. "Sê vir hom hy moet my by die treinbrug by kwaMdlavuzza kry. Sê vir hom hy moet genoeg bewysstuksakke en 'n fotograaf bring. En sê vir hom hy moet gou maak." Sy draai om en toe weer terug. "Bel vir Chetty op Mtunzini, iemand by Gingindlovu en vir Mabhuayakhulu op Eshowe. Hoor of daar enige noodlottige motorongelukke die afgelope twee en sewentig uur in hulle distrikte was. Stuur vir my 'n teksboodskap sodra jy weet."

"Is dit al?" Ronel knip haar ronde oë terwyl sy haar lang naels met 'n neonpienk naelvyf bewerk.

"Doen dit net."

Sonder 'n verdere woord drafstap Aella teen die staaltrappe af wat soos 'n nagedagte aan die gebou se buitemuur hang. Die konstabel kletter agter haar aan. Wie is die oorledene en wat het hy by kwaMdlavuzza gemaak? Die mense wat daar 'n laaste heenkome vind, kan nie rygoed bekostig nie. Op die sypaadjie voor die Pakistani se stoffeerwinkel staan sy stil en draai fronsend na die konstabel toe.

"Kom jy van die aanklagkantoor af?" Sy beduie na die groot, nuwe gebou skuins oorkant die straat. Druk toe 'n knoppie op die afstandbeheerder en die bakkie voor haar se kopligte skakel aan en af.

Die konstabel skud sy kop. "Ek het gehardloop van kwaMdlavuzza af."

"Hoekom?"

"Die vangwa het gebreek. Ntanzi het agtergebly." Hy vee oor sy gesig. "Dis 'n sleg plek daardie. Ek kon nie bel nie. Niks werk daar nie."



Aella weet. kwaMdlalvuza is in 'n dal geleë, omring van ysterkliprantjies. Radio's en selfone word stom by die treinbrug. "Jy moet dit rapporteer."

Die jong man lig sy selfoon. "Ek het gebel toe ek in die dorp kom. Iemand sal my terugvat."

Aella beduie na die bakkie se passasiersdeur. "Klim."

Sy stap om die groot voertuig, skuif agter die stuurwiel in en skakel dit aan. Die konstabel klim woordeloos langs haar in. Sy laat sak die ruit. Dis warm. Karre toet toe sy die bakkie sonder konsiderasie by die geswolle verkeerstream inforseer. Hierdie tyd van die maand is dit besig in Opathe. Dis omdat dit die vyftiende van die maand is. Staatsamptenare word vandag betaal. By die rooi verkeerslig oorkant die aanklagkantoor draai sy links sonder om te wag dat die lig oorslaan. Nog bestuurders toet 'n kakofonie van verontwaardiging.

Sonder om spoed te verminder ry sy oor die kruising wat lei na die township en die eerste uitlopers van die woongebied se netjiese nuwe huise, verby 'n vendusiekraal wat soos 'n onvanpaste herinnering aan Opathe se agrariese verlede inbreuk maak op mense se behuisingsnood. Sy ry verby 'n laerskool en 'n busdepot tot by die ou stasie waar die teerpad verander in 'n grondpad. Die verweerde en daklose sandsteengeboue wat eens die stasiemeester en die laaimeester gehuisves het, is fossiele teen die oggendson.

Die voertuig gly op die naat tussen teer en gruis. Sedert die laaste reëns is die pad nie geskraap nie. Die oppervlak is vol gate. Aella verminder spoed en kyk vlugtig na die konstabel. Hy staar stilswyend voor hom uit, maar sy vingers klem wit om die noodhandvatstel teen die dak. Sy skreef haar oë teen die sonstrale wat dynserig deur die voorruit val. Die lug ruik na houtrook en gras. Maer beeste staan herkouend langs die pad en staar afwesig die verte in. Toe sy teen 'n wattelbeboste opdraande uitry, verdwyn Opathe in haar truspieëltjie.

Ek kan enige plek wees, dink Aella.

Behalwe die hoë spoorlyn aan haar linkerkant is daar geen aanduiding dat daar 'n dorp en 'n township 'n oogknip ver en 'n wêreld uitmekaar lê nie. Die grondpad kronkel dood teen die treinbrug. 'n Dubbelspoorsementkolos met sy ongenaakbare hoeke en lyne is 'n skildwag voor die township.

"Daar's Ntanzi," sê die konstabel. Hy wys na die wit-en-



blou vangwa wat kort voor die brug in die middel van die pad tot stilstand gekom het. 'n Oliesleepsel lê wyd agter die voertuig, soos die bloedspoor van 'n gekweste dier.

Oliepomp. 'n Dodelike wond.

Aella lig haar voet van die versneller en trap die rem versigtig met die punte van haar tone. Toe sy agter die vangwa tot stilstand kom, blaas sy haar asem stadig uit voordat sy die bakkie afskakel. Haar skouerspiere trek pynlik saam.

“Daar staan hy,” sê die konstabel.

Hy wys na die donker holte onder die brug terwyl hy uitklim.

Sy skreef haar oë. Die son is skerp en maak haar blind vir die duister. “Ek sien niks,” sê sy uiteindelik. Sy leun oor die rathefboom, maak die paneelkissie oop en haal 'n paar latekshandskoene uit die houer wat sy by die apteek gekoop het. 'n Deur klap en voetstappe knars op die los skalie van die pad. Aella kom orent. Die vae glinstering onder die brug trek haar aandag en sy kan net-net die buitelyne van 'n donkerkleurige voertuig teen die dieper skadu's onderskei.

“Kolonel,” sê Ntanzi. Hy groet haar met 'n flink saluut.

“Adjutant.”

Sy druk die handskoene in haar sak, maak die deur oop en gly versigtig uit die hoë voertuig. Haar oë beweeg oor die stuk aarde langs die spoorlyn terwyl sy haar handpalms aan haar broekspye afvee. Bont plastiekopiesakke blom teen die spoor se steil wal. Papiere, leë drankbottels en verroeste draad lê wyd gestrooi en die stank van ontbindende afval is dik.

“Hy sit daar in sy kar.” Ntanzi beduie met sy kop na die brug.

“Het julle gaan kyk?”

Ntanzi skud sy kop. “Net genoeg om te sien dat hy dood is.” Hy vroetel in sy hemsak en haal 'n houertjie snuif uit. Met goefende bewegings sit hy 'n knippie van die swart poeier voor sy neus en trek dit tot diep in sy sinusholtes. “Jy sal sien.”

Aella haal die handskoene uit haar sak. “Wie het dit aange-meld?” Sy merk 'n klein beweging uit die hoek van haar oog. 'n Miskruier stoot sy bol geduldig in die stof.

Ntanzi nies een keer en toe weer. “Niemand nie. Die kaptein het gesê ons moet kom kyk vir spikers. Hier's lank laas patrollie gery.”



Spikers. Mense wat hulle met dwelms inspuit.

As julle gereelder hier rondry, sal daar minder van hulle wees. Aella sê dit nie. Wie is sy om te oordeel?

Daar is net drie werkende patrollievoertuie op Opathe wat die hele distrik moet bedien. Moord, verkragting en gewapende roof troef dwelmmisbruik en ellende keer op keer. Sy frommel die handskoene tussen haar vingers. 'n Bries roer deur die rommel op die grond. Vir 'n lang oomblik staar sy roerloos na die voertuig. Uiteindelik trek sy die handskoene aan.

"Wag hier," sê sy vir Ntanzi. Sy draai na Dlamini wat stil teen die vangwa leun. "Jy ook."

Sy trap versigtig bo-oor die miskruier. Die insek huiwer vir 'n oomblik, maar werk dan ywerig voort. Perspektief. In sy klein wêreld is hierdie groter drama van min belang.

"Kolonel," protesteer Ntanzi.

Aella ignoreer hom. Sy trek haar asem diep in en stap stadig vorentoe.

Die niemandsland tussen lewe en dood is 'n haarfyn lyn wat met nugter afstand benader moet word; 'n verraderlike plek waar die oningeligte reisiger maklik kan verdwaal. Hoendervleis spikkel oor haar vel toe sy die koel skadu's onder die brug betree. Fyn haartjies kriebel in haar nek. Die afwesigheid van 'n menselewe is 'n tasbare sensasie.

Die nabrand van geweld syfer deur die vel.

Dit vibreer deur die lug soos die trillings van 'n geplukte snaar.

Sy sal nooit gewoond raak daaraan nie, nie eens al ondersoek sy 'n duisend moorde nie.

Verrottende organiese materiaal met 'n ondertoon van ontbinding en die ammoniakwalm van ou urien vermeng tot peslug in die afgeslote ruimte. Dit laat haar oë traan. Aella kokhals in droë, beklemmende spasmas, talm vir 'n paar oomblikke om aan die reuk gewoond te raak. Einde ten laaste bring sy haar voorarm na haar gesig toe en ruik aan haar vel.

Dit help.

Hoekom, weet sy nie. Die geur van lewende weefsel verdring die doodstank.

Altyd.



Iets skarrel in die halfdonker oor haar voete. Sy tree vinnig agteruit, haal haar selfoon uit en skakel die flitsligtoepassing aan. Die lig klief deur die onderbrugse duisternis. Sy draai die straal na die sementvloer onder haar voete. Dit is van dieselfde versterkte beton as die res van die brug, asof die brug en die vloer as 'n enkele eenheid in 'n fabriek vervaardig is. Wat ook al oor haar voete gehardloop het, het reeds in die skadu's verdwyn. Die lig gly oor roetmerke en die asreste van ou vure op die vloer, oor 'n bondel lapvodde en plastiek.

Mense slaap hier.

Aella trek weer haar asem in en stap voetjie vir voetjie vorentoe. Sy lig haar wenkbroue oor 'n pentagram wat met houtskool op die vuil vloer getrek is. 'n Enkele uitgebrande kers is in die middel daarvan staangemaak.

Dís waar jy kerk hou as jy waarlik van god en mens verlaat is. In hierdie onheilige katedraal onder 'n treinbrug langs die township.

Sy lek oor haar droë lippe. Skerwe glas glinster op die vuil beton en 'n gebruikte kondoom lê verfrommel langs 'n wegneemetehouer; simbole van 'n drang na oorlewing, selfs hier. Daar is iets bewonderenswaardig aan.

Aella draai na die donker voertuig.

"Is jy orraait, Kolonel?" roep Ntanzi.

Sy kyk vlugtig oor haar skouer. Ntanzi staan bewegingloos met sy arms gevou langs Dlamini teen die vangwa aangeleun. Sy huiwer vir 'n oomblik.

"Ek's orraait." Haar stem eggo diep in die holte rondom haar. Sy tree versigtig oor die rommel voor haar voete en lig op die voertuig voor haar. Dis 'n BMW, 'n X6.

Swart.

Silwer metaal glim in die bestuurdersdeur waar die donker verf onder projektielpenetrasie afgesplinter het.

Nege koeëlgate. Dis baie.

Sy stuur die ligstraal stadig oor die voertuig se bakwerk; links na regs, bo na onder. Die bestuurder se venster is uitgeskiet. Brokstukke glas raam die liggaam agter die stuurwiel in reliëf. Die man se gryns hare is vol bloeds spatels, sy gesig ondertoe gekeer. Hy word orent gehou deur die greep van die Duitse ruk-stop-veiligheidsgordel.

Aella takseer die liggaam skewekop. Daar is iets bekends



aan die hoek tussen die man se nek en oor, die bloedbevlekte wang.

Wie is jy?

Sy stap nader. Die reuk van ontbinding verskerp. Weer ruik sy vlugtig aan haar voorarm. Vlieë styg in 'n wolk van die liggaam af op toe Aella haar hand deur die venster steek. Sy trek haar arm terug. Die vlieë zoem verward in die BMW se binneruim, maar bedaar geleidelik in die selfoon se helder lig.

Aella steek weer haar hand deur die venster.

Die vel onder die man se ken is koud onder haar vingers; 'n klam kilte, soos die maagvel van 'n amfibie wat sy deur haar handskoene voel. Die kop beweeg maklik op die dooie werwels toe sy die ken oplig. Rigor mortis het gekom en gegaan. Die gesig is verbasend ongeskonde; terselfdertyd bekend en vreemd. Dit is omdat afwesigheid van die lewenskrag wat die gelaatstrekke animeer selfs bekendes in vreemdelinge verander.

“Jy lyk anders sonder jou bril,” sê Aella.

Sy wikkkel haar hand sagkens onder die ken uit en grimas toe bloederige vog uit die man se neus en mond op haar vingers drup. Die kop sak swaar vooroor. Sy staar na die lewelose figuur terwyl sy die rubberhandskoene vinger vir vinger van haar hande aftrek en voor haar voete tussen die res van die rommel op die grond laat val.

Die noodlot is vol grille; sy sin vir humor kras en gemeen. Hy gee met die een hand en neem met die ander.

Soms gelyktydig.

Voor haar sit Meyer Walters dood agter die stuur van sy duur kar, nou ook een van die uitgespoeldes onder die brug.